

1. INLEIDING

1.1 DOEL VAN DIE NAVORSING

Die primêre doel van die navorsing wat in hierdie proefskrif onderneem gaan word, is om die aard van die *verband* tussen kultuur en onderwysstelsel met besondere verwysing na dié van die Republiek van Suid-Afrika (RSA), te ondersoek.

1.2 ORDENING VAN HIERDIE HOOFSTUK

Die onderwysverloop in die RSA het by die kruispad ten opsigte van onderwysvoorsiening aan al die bevolkingsgroepe gekom. Daar word tans ernstig besin oor 'n moontlike werkbare toekomstige onderwysbedeling (Barnard, 1982, p. 16). Moontlike oplossings vir die onderwysvoorsiening aan die diverse kultuurgroepe kan langs die weg van byvoorbeeld kultuurisolasië^{*)} of kultuurintegrasie^{*)} bereik word; assimilasië of

*) Die kultuurbeginsels, naamlik differensiasie, integrasie en kontinuïteit word in paragraaf 4.5 vollediger bespreek. In hierdie proefskrif word die volgende begrippe in enger sin gebruik om veral die vermenging of geskeidenheid van kinders uit verskillende kultuurgroepe aan te dui:

- Met *kultuurisolasië* word bedoel 'n staat van afsondering waar geen of weinig beïnvloeding deur 'n ander kultuur moontlik is nie.

amalgamasie ("melting pot") kon weens kulturele botsings nie in die VSA slaag nie (Mentz, 1980, p. 8-9).

Lande met 'n heterogene bevolkingsamestelling soos die Verenigde State van Amerika (VSA), Brittanje en die Republiek van Suid-Afrika (RSA), ondervind 'n probleem om aan diverse kultuurgroepe in dieselfde klaskamer gelyke gehalte onderwys te voorsien. In hierdie hoofstuk word die probleem, naamlik die soeke na 'n ewewig tussen kultuurisolasië en kultuurintegrasië, wat tot dië navorsing aanleiding gegee het, gestel en die aktualiteit van die probleem aangetoon. Daarna word die veronderstellinge wat in die loop van die navorsing getoets word geformuleer. Die navorsingsmetode gaan verantwoord word, die ondersoekterrein gaan afgegrens word en die relevante begrippe soos dit binne hierdie konteks voorkom, gaan omskryf word. Vervolgens die mees belanghebbende van enige wetenskaplike geskrif — die strukturering.

(vervolg)

- Met *kultuurintegrasië* word bedoel die vermenging van leerlinge uit verskillende kultuurgroepe in dieselfde klaskamer (skool).
- Met *kultuurdifferensiasie* word bedoel afsonderlike skole vir die verskillende kultuurgroepe, dit wil sê, skeiding van kinders op grond van die kultuurgroep waaraan hul behoort, terwyl dieselfde kernkurrikulum aan alle kultuurgroepe in die onderwys voorsien word. Dusdanig kan kultuurverryking tot (ter voldoening aan die beskawingsontwikkelingsbeginsel van "integrasië") voordeel van die kind plaasvind en die kind kan dan in sy totaliteit deur die aangebode vakke sonder dat vermenging in die klaskamer (skool) nodig is, ontsluit word.

1.3 PROBLEEMSTELLING

Lande met diverse kulturele samestellings ondervind probleme in die onderwys (Tomlinson, 1978, p. 15-17). Wanneer kulturele integrasie plaasvind, ontstaan daar spanning tussen leerlinge onderling en tussen leerlinge en die onderwysers (Spindler, 1979, p. 37-45). By minderheidsgroepe ontstaan die gevoel dat teen hulle gediskrimineer word wanneer hulle taal en kultuur nie soveel aandag ontvang as dié van die meerderheid nie (Spindler, 1979, p. 40-43).

Volgens Genesis 11:1-9 (vgl. ook Du Toit, 1944, p. 7-17) aanvaar Christene dat God self nasies en volkere in aansyn geroep het. Christus erken en handhaaf daardie volkere (kulturele) pluriformiteit (Joh. 1:11, Matt. 15:24-26). Wanneer die geskape verskeidenheid van mense, waarvan die Skrif leer, saamgedwing word, druis dit in teen die natuurlike andersheid wat onderling bestaan. Daarteenoor sal gedwonge isolasie 'n sondige geskeidenheid meebring wat ook op diskriminasie dui. Mense en kultuurgroepe moet vry wees en in staat gestel word om van mekaar te leer, sodat kultuurverryking en -uitbouing kan plaasvind; trouens, onderlinge kontak tussen die verskillende kultuurgroepe word volgens die beginsels soos dit in die Skrif vervat is, nie verbied nie, en is dus Skriftuurlik verantwoordbaar.

Weens versoeke wat tot die owerheid van die RSA gerig is, ten opsigte van gelyke onderwysvoorsiening, beter

salarisstrukture, ensovoorts het die Kabinet in Junie 1980 die RGN versoek om 'n diepgaande ondersoek na die onderwys in al sy fasette te doen. Die versoek aan die RGN het onder andere vereis dat verslag gedoen moet word oor "beginselfriglyne vir 'n prakties uitvoerbare onderwysbeleid in die RSA" en "... 'n program ter bereiking van gelyke gehalte onderwys vir alle bevolkingsgroepe" (RGN(1), 1981, p. 1). In hierdie opdrag het sommige belanghebbendes die geleentheid gesien om kulturele integrasie in die onderwys te bepleit. In die verband het Whittle (1981, p. 1) opdrag ontvang om ondersoek in te stel na "the merits and demerits of total racially integrated education in the RSA".

Die vraag ontstaan: Watter weg in die stelsel van onderwysvoorsiening van die RSA moet gevolg word om 'n ewewig tussen die twee uiterste pole van kultuurisolasie en kultuurintegrasie in die onderwysstelsel te verkry?

1.4 DIE AKTUALITEIT VAN DIE NAVORSING

Na die onluste in Swart- en Kleurlingwoongebiede in die RSA in 1976, wat onder andere oor onderwysaangeleenthede gegaan het, het daar 'n aandrang tot integrasie in die onderwys na vore gekom. Gunter (1977, p. 434) maak onder andere die stelling dat "die saamopvoeding van alle kinders - wit, bruin en swart - in dieselfde skool van aktuele belang in die RSA geword" het. Na hy die stelling gemaak het, ondersoek

Gunter (1977, p. 434-439) die wenslikheid al dan nie van die "saamopvoeding" van alle kinders in die RSA.

Die Uitvoerende Komitee van die Transvaalse Provinsiale Raad het op 12 Desember 1978 besluit om 'n sending oorsee te stuur wat onder andere ondersoek moes gaan instel na "die differensiasie van leerinhoud op grond van kultuurverskille" (Mentz, 1979, p. i-ii). Barnard (1979b, p. 1-9) het alreeds in 1979 geskryf oor die "nuwe" onderwysbedeling en wys daarop dat daar "meestal net twee alternatiewe gestel (word), nl. afsonderlikheid (apartheid of isolasie) en integrasie (oop skole vir almal)". Verder poneer Barnard (1979b, p. 1) onder andere: "enigeen van die kultuurgemeenskappe wat hom in isolasie wil handhaaf, is tot ondergang gedoem. Integrasie bied ook geen oplossing nie, omdat die kulturele verskille ... te diepgaande is." Viljoen (Anon., 1980, p. 127) word aangehaal dat hy eweneens waarsku "dat ons onderwys vals en ontrou aan sy taak en roeping sou wees as dit net na binne gekeer bly". Hy pleit dat naas die beklemtoning van die unieke afsonderlike eie, "moet die onderwys ook 'n bewustheid en waardering kweek vir die universele en gesamentlike elemente wat brue vorm tussen die kulture van ons land".

Die Suid-Afrikaanse Onderwysersunie (SAOU) (Anon., 1980, p. 127) verklaar dat: "onderwys in 'n plurale gemeenskap kultuurgebonde behoort te wees". Daarmee word die standpunt van die Minister van Nasionale Opvoeding, Sy Edele G. van N. Viljoen (Anon., 1980,

p. 127) dat onderwys nie van volk en kultuur losge-
maak mag word nie, onderskryf.

Hierdie uitsprake toon die aktualiteit van die pro-
bleem, naamlik hoe om 'n ewewig tussen kulturele
isolasie en integrasie in die onderwysstelsel te be-
werkstellig.

Die RGN-onderzoek waarna reeds in paragraaf 1.4 ver-
wys is, het noodsaaklik geword omdat daar opstand by
nie-blanke kultuurgroepe (rasse- en kleurgroepe)
ontstaan het weens die vermeende ongelyke gehalte
onderwysvoorsiening aan die verskillende kultuur-
groepe.

Die RGN-onderwysverslag het in 1981 verskyn, en ge-
paard hiermee 'n *Tussentydse memorandum oor die ver-
slag van die Raad vir Geesteswetenskaplike navorsing
oor die ondersoek na onderwysvoorsiening in die RSA*
wat deur die Kabinet vrygestel is.

Die *Tussentydse memorandum* bevat die volgende begin-
seluitgangspunte vir die oorweging van die RGN-onder-
wysverslag:

- . die Christelike en breë nasionale karakter
van die onderwys vir Blankes moet behou bly;
- . onderwys deur medium van die moedertaal moet
gehandhaaf word;
- . 'n eie onderwysdepartement vir elke bevol-
kingsgroep moet voortbestaan en

- . keusevryheid van die individu en ouers word behou, "maar binne die raamwerk van eie skole vir elke bevolkingsgroep" (RSA, 1981, p. 3).

Dit is duidelik dat dié beginselriglyne meebring dat die *status quo* in die onderwys ten opsigte van kulturele differensiasie gehandhaaf en integrasie verworp word.

Hierdie beginselriglyne van die Regering was nie vir almal aanvaarbaar nie, soos duidelik op die National Education Conference te Grahamstad op 4-6 Februarie 1982 gedemonstreer is (Oberholzer, 1982, p. 8; Hartshorne, 1982, p. 12). Sommige lede van die Hoofkomitee van die RGN onderwysondersoek het hulle ook skerp teen die Regering se *Tussentydse memorandum* uitgespreek (Anon., 1981, p. 29). Battersby (1981, p. 29) het die Regering selfs van verraad en troubreuk beskuldig. Genoemde persone en instansies het hulle op die RGN-verslag (RGN(1), 1981, p. 207-211) beroep waar uitgangspunte en aanbevelings soos byvoorbeeld: "die strewe na gelykheid ..., gelyke behandeling ..., gemeenskaplike menslikheid ..., differensiasie wat op suiwer ras- of kleurverskille berus, kan nie as relevante gronde vir ongelyke behandeling beskou word nie", gestel word. Teenoor die beginsels van die Regering word integrasie (een onderwysdepartement) met oop (geïntegreerde) skole bepleit (Anon., 1981, p. 39, Hartshorne, 1982, p. 2).

Teenoor die kulturele integrasiepleitbesorgers aanvaar die Afrikaner-onderwyskongres (1982, p. 6) die beginselstandpunte van die Regering soos dit in die *Tussentydse memorandum* gestel is, naamlik dat die *status quo* ten opsigte van afsonderlike skole en onderwysdepartemente (kulturele differensiasie) gehandhaaf sal word en dat kulturele integrasie in die onderwys verwerp word.

Bogenoemde bewyse van uiteenlopende standpunte, ten opsigte van kulturele integrasie en differensiasie vir die onderwysvoorsiening in die RSA, bevestig die aktualiteit van die probleem. 'n Oplossing wat ewewig bewerkstellig tussen kultuurisolasië en -integrasie in die onderwys wat op Skrifmatige beginsels gebaseer is, moet dus gevind (behou) word.

In die VSA is verskeie oplossings al gesoek vir die probleem van kultuurverskille in die onderwys. Volgens Ramirez en Castaneda (1974, p. 3) is die oplossing eers gesoek langs die weg van assimilasië; dit het egter nie die oplossing gebied nie. Assimilasië is gevolg deur die "melting pot"-teorie wat eweneens misluk het (Tiedt en Tiedt, 1979, p. 2). Tans word "multicultural education" (ME) aangeprys. In sekere kringe word ME reeds bevraagteken (Smith, 1973, p. 143-144).

Ander skrywers (soos in hoofstuk 4 aangehaal) in die VSA en Brittanje, wat hulle met die probleem van kultuur en onderwys besig hou, is byvoorbeeld

J.A. Banks, M.M. Krug, Nancy H. St. John en G.D. Spindler. Hierdie skrywers soek na onderwysstrategieë wat gevolg moet word vir die onderwys wat kan lei tot gelykwaardigheid, wedersydse respek en gesonde menseverhoudings, sodat die vreedsame naastestaan van die verskillende kultuurgemeenskappe bestendig kan word. So betoog Spindler (1979, p. 42) byvoorbeeld: "The school is an instrument of the culture. Its purpose is to recruit new members (children) into society and maintain the cultural values and social structure of that society."

Gevolglik moet daar gesoek word na 'n ewewig tussen kultuurisolasië en -integrasië in die onderwysstelsel. Aan die hand van sekere veronderstellinge sal navorsing gedoen word wat poog om die oplossing te bied.

1.5 HIPOTESES WAT MET DIE NAVORSING GETOETS WORD

1.5.1 Hoofhipotese (III)

Om die navorsing van stapel te stuur en te rig, word die volgende hipotese gemaak: Kultuurdifferentiasie is die aangewese weg om ewewig tussen die twee uiterste pole van kultuurisolasië en -integrasië in die onderwysstelsel te bewerkstellig.

Hierdie HH word in die vorm van vier subhipoteses, wat met die verskillende onderdele van die navorsing getoets word, geoperasionaliseer. Die subhipoteses

is:

1.5.2 Subhipoteses

Subhipotese 1 (SH1)

Ewig tussen kultuurisolasië en -integrasië in die onderwysstelsel kan slegs op grond van 'n Skrifmatige beskouing van die mens bewerkstellig word.

Subhipotese 2 (SH2)

Ewig tussen kultuurisolasië en -integrasië in die onderwys kan slegs op grond van 'n Skrifmatige beskouing van kultuur bewerkstellig word.

Subhipotese 3 (SH3)

Ewig tussen kultuurisolasië en -integrasië kan slegs op grond van 'n Skrifmatige beskouing van die *verband* tussen kultuur en onderwysstelsel bewerkstellig word.

Subhipotese 4 (SH4)

Ewig tussen kultuurisolasië en -integrasië kan slegs bewerkstellig word onder leiding van die Skrifmatige grondmotief van skepping, sondeval en verlossing wat die dryfkrag of stukrag agter Skrifmatige kultuurbeskouings en -beplande onderwysstelsels is.

1.6 METODOLOGIESE VERANTWOORDING

1.6.1 Algemeen

In paragraaf 1.5 is enkele hipoteses wat deur die loop van die navorsing geformuleer is, gestel. Hierdie veronderstellinge is in die loop van die navorsing getoets en geverifieer. Die metodes waarvolgens die evaluering gedoen is, word vervolgens bondig behandel.

1.6.2 Literatuurstudie

Literatuur het in hierdie navorsing die vernaamste deel van die bronnemateriaal gelewer. Kennis en insigte wat deur die literatuurstudie bekom is, het gelei tot die ontwerp van die navorsingsprojek en tot die uitsprake wat gemaak is.

Daar is gebruik gemaak van werke met 'n teologiese strekking asook wysgerige geskrifte. Die werke van volkskundiges en antropoloë is geraadpleeg. Opvoedkundige boeke, artikels, verhandelinge en proefskrifte het 'n verdere belangrike deel van die literatuurstudie gevorm. Daar is voorts gebruik gemaak van sosiologiese boeke, tydskrif- en koerantartikels; ook is ensiklopedieë geraadpleeg.

Ten einde outentieke waarde aan hierdie studie te gee, is daar sover moontlik van primêre bronne gebruik gemaak. Sekondêre bronne moes egter ook ruim gebruik

word. In enkele gevalle (byvoorbeeld by Dooyeweerd) is vertaalde werke bestudeer.

1.6.3 Verskynselontleding

'n Ontleding is gemaak van sekere verskynsels wat vir hierdie navorsing van primêre belang is soos byvoorbeeld kultuur, kultuurverskuiwing, opvoeding, onderwys, onderwysstelsel, differensiasie, integrasie en beskawing (vgl. ook par. 1.7.2).

1.6.4 Skrifmatige benadering

Daar is uitgegaan van die Christelike beginsel, naamlik dat God die mens geskape het en die verskillende kultuurgroepe (taal-groepe) in aansyn geroep het (Gen. 11:6-9, Matt. 24:7, vgl. ook Du Toit, 1944, p. 7-14). Daardie verskeidenheid van, en geskeidenheid tussen kultuurgroepe soos geopenbaar in die Woord van God is in hierdie navorsing gerespekteer. Aandag is ook geskenk aan ander denkrigtings om nie in eensydigheid te verval nie.

1.6.5 Herbedinking van die problematiek

Die beginseluitsprake wat met die verloop van die navorsing gedoen is en nie empiries getoets is nie, kan daaraan toegeskryf word dat hier nie met tasbare gegewens gewerk is nie. "Deur besinning oor en herbedinking van bepaalde fasette van die werklikheid van bepaalde vraagstukke" (Van der Walt, J.L., 1982,

p. 12) het 'n mens tot eie standpunte en gevolgtrekkings gekom.

1.6.6 Intersubjektiewe gesprek

Vanaf die voorbereiding van hierdie studie is daar, benewens met die promotors, deurlopend gesprekke gevoer met kundige persone, soos byvoorbeeld prof. B.C. Schutte van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys en N.J. Mentz van die Onderwysburo van die Transvaalse Departement van Onderwys, drr. C.R. Liebenberg van die RGN en S.J. Eloff, predikant in diens van die Algemene Sinode van die N.G. Kerk. Insigte en toeligting wat deur middel van die gesprekke verwerf is, was besonder waardevol vir hierdie studie.

Die raadpleging van werke oor opvoedkundige navorsing van Landman (1980) en J.L. van der Walt (1982) het die navorsingstappe van die studie bepaal.

1.7 AFBAKENING VAN DIE TERREIN VAN ONDERSOEK

1.7.1 Wetenskapsteoretiese afbakening

Hierdie navorsing word gedoen binne die veld van die Vergelykende Opvoedkunde. Die navorsing handel veral oor kultuur en die rol wat dit speel in die onderwysstelsel. Dit is dus nodig dat kultuur as menslike handeling ontleed word en daarvoor is 'n duidelike en prinsipiële mensbeskouing noodsaaklik.

Gevolgtlik word 'n Skrifmatige mensbeskouing gegee, sodat 'n ware beeld gevorm kan word van die wyse waarop die mens se kultuur hom in die onderwysstelsel vergestalt. Daar kan nie verwag word dat hierdie studie verloop op 'n wyse wat 'n kultuur- of volkekundige dit sou onderneem nie, maar wel dat die opvoedkundige essensies toegelig sal word.

Die wye spektrum wat gedek moet word, bring mee dat die veld van die Fundamentele Opvoedkunde, sowel as die Temporele Opvoedkunde geraadpleeg is, wat waardevolle hulp en perspektiewe gelever het. Die Wysbegeerte, Antropologie, Teologie, Volkekunde en Sosio-logie het eweneens onontbeerlike insigte gelever.

1.7.2 Afbakening van die terrein deur begripsomskrywing

Sekere begrippe wat in hierdie navorsing gebruik word, moet uit die aard van hulle meerduidige gebruik gepresiseer word.

Die begrippe wat omskrywe word, is in vier groepe gegroepeer, naamlik dié wat onderskeidelik te make het met kultuur, mens, onderwys en religie.

1.7.2.1 Begrippe wat met kultuur verband hou

Daar ontstaan by sommige mense verwarring omtrent die onderskeie begrippe wat kultuuraspekte omskryf. Die volgende begrippe, naamlik kultuur, akkulturasie,

enkulturasie en beskawing wat in hierdie navorsing gebruik is, word nou toegelig:

. *Kultuur*

Kultuur word in hoofstuk 3 breedvoerig ondersoek. Hier kan volstaan word met 'n kort omskrywing. *Kultuur* is die geakkumuleerde en steeds wisselende, saamgestelde en gemeenskaplike besit van die mens. *Kultuur* word in 'n bepaalde volksgemeenskap van geslag tot geslag oorgedra deur informele, formele en nie-formele opvoeding en onderwys.

. *Akkulturasie*

Akkulturasie is die begrip wat gebruik word om die kultuurverandering uit te druk, wat ontstaan as gevolg van kultuurbeïnvloeding wanneer die draers van verskillende kulture in noue aanraking met mekaar kom, byvoorbeeld deur volksverhuisings. 'n Akkulturatiewe situasie kan ook ontstaan wanneer aanhoudende kultuurbeïnvloeding plaasvind deur onpersoonlike oordragsmedia, byvoorbeeld die geskrewe woord, televisie, radio en film (Coertze, 1968, p. 7; Van der Wateren, 1979, p. 125).

Herskovits (1958, p. 10) omskryf die begrip soos volg: "Acculturation comprehends those phenomena which result when groups of individuals

having different cultures come into continuous first-hand contact, with subsequent changes in the original cultural patterns of either or both groups." Akkulturasie kan kortliks omskryf word as: die proses van wedersydse beïnvloeding tussen kultuurgroepe wat deur direkte en voortgesette aanraking met mekaar, karaktertrekke en elemente uitwissel sodat 'n nuwe kultuur- of lewenspatroon ontstaan.

Assimilasie

Assimilasie is nou verwant aan akkulturasie en hulle word gradueel van mekaar onderskei op grond van dominasie. Waar twee kulture met mekaar in aanraking kom, en die een dominerend staan tot die ander, lei die aanraking tot assimilasie. Kortom, by assimilasie sal die een kultuur die ander s6 domineer dat die ander een uiteindelik verdwyn, terwyl die dominante kultuur behoue bly.

Van der Wateren (1979, p. 130) gee die volgende simboliese voorstelling om die onderskeid te illustreer: "Akkulturasie vind plaas wanneer kulture A en B sodanig verander dat 'n nuwe kulturele persoonlikheid te voorskyn tree, dit wil sê $A + B = C$ waar die resultaat C kenmerke van beide A en B vertoon. Assimilasie verloop wesenlik dieselfde maar vanweë dominasie sal die resultaat die kulturele persoonlikheid van die

dominante kultuur (A) behou $A + B = A$."

Onder die begrip assimilasië word verstaan die algehele oornam van een kultuur deur 'n dominante kultuur, sodat alleen die eienskappe van laasgenoemde kultuur in die nuut gevormde volk of kultuurgroep herkenbaar is.

Beskawing

Beskawing word in paragraaf 3.6 vollediger ont= leed. Hier kan volstaan word met 'n kort omskrywing, naamlik: beskawing is die geestelike ontwikkeling en algemene verfyning wat 'n mens of kultuurgroep bereik het, ten opsigte van beskawingsontplooiing.

Enkulturasie

Enkulturasie is die oordrag van kultuur deur die gemeenskap en wat deur die enkeling verwerf word (Dawson, 1961, p. 3). Volgens Van der Wateren (1979, p. 116) word met enkulturasie bedoel: "hoe ... (A.M.H.) kultuur van geslag tot geslag oorge= dra word". Kultuurverandering mag in die proses wel plaasvind. Coertze (1965, p. 36) omskryf enkulturasie as "'n gestadige kondisionerings= proses waaraan elke nuweling onderwerp word om hom in staat te stel om allengs as mens sy plek naas ander mense in te neem".

Met enkulturasie word hier bedoel die oornam
en verwerwing van kultuur van die ouer-gemeen=
skap deur die jong opkomende geslag van daardie
kultuurgemeenskap.

1.7.2.2 Begrippe wat met die mens te make het

Daar is drie begrippe, naamlik nasie, ras en volk
wat die mens in sy rasse- en volkereverhoudinge uit=
druk. Helderheid, ten opsigte van die betekenis
van die begrippe, ontbreek dikwels by gebruikers
daarvan en word telkens met mekaar verwar. Die
volgende betekenis word in hierdie navorsing aan
die begrippe geheg:

Nasie

Met die begrip *nasie* word 'n groep mense aange=
dui wat aan verskillende rasse en volke behoort,
wat binne dieselfde geografiese grense woon en
dus dieselfde lutsbestemming deel en uit die=
selfde bodem 'n bestaan moet maak. Die Alge=
mene Sinode van die N.G. Kerk (1974, p. 6) po=
neer dat: "die term nasie 'n staatkundige be=
tekenis het, en 'n groep mense aandui wat onder
dieselfde sentrale gesag staan". 'n Nasie kan
dus omskryf word as 'n groep enkelinge van ver=
skillende oorsprong en kulturele verbande wat
tot dieselfde staat behoort en 'n politieke een=
heid vorm.

In die volkskunde word die begrip *ras* hoofsaaklik gebruik om die liggaamlike kenmerke van 'n groep mense aan te dui. Die kenmerke van 'n ras wat met die oog waarneembaar is, byvoorbeeld velkleur, haartipe, gelaatstrekke en ander waarneembare erflik-bepaalde eienskappe, word vir hierdie doel saamgegroepeer. Bruwer en Van Zyl (1958, p. 11) omskryf ras soos volg: "'n Ras is 'n groep of vertakking van die mensdom wat sekerre uitkenbare en oorerflike fisiese kenmerke gemeen het en waardeur die mense wat aan dié ras behoort, onderskei word van ander rasse met ander liggaamlike kenmerke wat weer eie aan hulle is." *Ras* is dus die begrip wat 'n biologiese eenheidsgroep mense aandui al sou hulle oor verskeie lande en volke versprei wees.

Volk

'n *Volk* is 'n groep mense wat 'n gemeenskaplike kultuurbesit deel, en wat deur die loop van baie geslagte reeds saamwoon, 'n gemeenskaplike lewenswyse besit en gewoonlik 'n gemeenskaplike taal ontwikkel het. Volk verwys dus na die sosiaal-kulturele hoedanighede van 'n groep mense (Coertze, 1960, p. 15). Die Algemene Sinode van die N.G. Kerk (1974, p. 6) omskryf volk soos volg: "'n Volk is 'n groep mense wat op grond van 'n gemeenskaplike kultuur as behorende tot

'n bepaalde groep geklassifiseer word, d.w.s.
'n groep mense wat o.m. dieselfde taal, gewoon=
tes, algemene lewenswyse ens. het."

'n Volk is dus 'n groep mense wat dieselfde ge=
bied bewoon en 'n kulturele eenheid vorm, soos
byvoorbeeld die Afrikanervolk.

1.7.2.3 Begrippe wat met onderwys verband hou

Drie belangrike begrippe, naamlik opvoeding, onder=
wys en onderwysstelsel is van besondere belang in
die onderwysvoorsiening. Elkeen van die begrippe
moet ten opsigte van hulle betekenis afgebaken word,
want die begrippe word menigvuldiglik en in verskeie
verbande gebruik, wat meebring dat 'n duidelike be=
tekenis aan elke begrip gekoppel moet wees. Al
drie die begrippe word in hoofstuk 4 breedvoeriger
omskryf. Hier volg nou 'n saaklike uiteensetting
van die onderskeie begrippe, sodat sekerheid van meet
af aan oor die betekenis kan bestaan:

Opvoeding

Opvoeding word deur Van Wyk (1975, p. 39) soos
volg omskryf: "In die opvoedingsgebeure rig die
opvoeder sy handeling opsetlik, doelbewus en
deur roeping gedwing op die opvoedeling om hom
tot volle ontsluiting te bring en hom sodoende
te lei, te help, te vorm, toe te rus en oor te
haal tot betekenisvolle, bewuste, vrywillige en

roepingsbewuste aanvaarding en verantwoordelike, mondige uitvoering van sy lewenstaak." Opsommend kan dus gesê word dat opvoeding die be-moeienis is wat die volwasse persoon met die onvolwasse kind maak, hom bystaan, rig, lei en vorm tot die spontane aanvaarding van en toewyding aan sy lewensroeping (vgl. ook Van Schalkwyk, 1981, p. 62, 68).

Onderwys

Onderwys word deur Van Schalkwyk (1981, p. 69) soos volg omskryf: "Die kind moet volledig, ge-balanseerd, normatief en gedifferensieerd ont-sluit word aan die hand van 'n volledige, geba-lanseerde normatiewe en gedifferensieerde werk-likheidsontsluiting wat deur middel van onder-rig- en leerhandelinge plaasvind." *Onderwys* is dus die onderrig van verskillende vakke deur onderwysers wat daarop toegespits is om kennis en vaardighede deur die kind te laat verwerf (ook volwassenes) om dusdanig sy lewensroeping te vervul (vgl. ook Barnard, 1981, p. 39).

Opvoeding en onderwys is nie sinonieme begrippe nie; hulle kan onderskei maar nie geskei word nie. *Onderwys*, net soos opvoeding, is altyd 'n doelbewuste, bewustelike, planmatige en ge-organiseerde handeling waar daar na beplande oogmerke wat ten goede bedoel word, gestrewe word.

Onderwysstelsel

Die *onderwysstelsel* word deur Barnard (1981, p. 38-39) soos volg omskryf: "Met die begrip *onderwysstelsel* word bedoel die organisatoriese raamwerk, naamlik beplanning (insluitende navorsing, beraadslaging en beleidsformulering), onderwyswetgewing (parlementêre onderwyswette, provinsiale onderwysordonnansies, regulasies in= gevolge die wette en ordonnansies, ens.), die uitvoering van die onderwyswetgewing (deur mid= del van administratiewe liggame en persone soos onder andere onderwysdepartemente, skoolrade, beheerrade, skoolkomitees, inspekteurs van on= derwys, ens.), hulpdienste en die skoolstelsel waarbinne die onderwyser en kind mekaar ontmoet sodat die formele skoolopvoeding en -onderwys kan plaasvind." Die onderwysstelsel is dus 'n onderwys- en opleidingsgerigte vervlegting= struktuur van verskillende gemeenskapstrukture wat in noue verband met mekaar fungeer, sodat georganiseerde opvoedende onderwys moontlik word (vgl. Stone, 1981(b), p. 122-124).

1.7.2.4 Begrippe wat fasette van religie uitdruk

Van die moeilikste begrippe wat menslike bestaans= wyses moet uitdruk, is die begrippe wat met religie te make het, naamlik religieuse grondmotief, geloof en godsdiens. Aangesien hierdie navorsing Skrif= tuurlik gefundeerd is, mag daar nie verwarring ten

opsigte van die betekenis van hierdie begrippe by die leser ontstaan nie. Daarom word daar nou oorgesien tot 'n omskrywing van elke begrip:

. *Religie*

Van Till (1959, p. 37) gee die volgende omskrywing van religie: "Religion is the inescapable covenantal relationship between God as lord and his image-bearer man." Hierdie relasie tussen God en mens rus op die betroubaarheid van God wat 'n verbond met die mens verordineer het tot 'n religieuse verwantskap. Religie omsluit die ganse menslike bestaan en is gesetel in die "hart" van die mens (par. 2.3.2). Die verband tussen kultuur en religie word deur Tillich (1962, p. 57) soos volg saamgevat: "Religion is the substance of culture and culture the form of religion." Van der Walt, Dekker en Van Wyk (1979(1), p. 39) omskryf *religie* soos volg: "Religie is die aanvaarde lewensbeginsel wat totalitêr op die hart beslag lê en daarom universeel (omvattend) alle uitgange van die hart of lewensfunksies van die mens of menslike bestaanswyse radikaal beïnvloed, stempel en rig sodat al die mens se aktiwiteite en die resultate daarvan, of hierdie handeling nou ook voorwetenskaplik, wetenskaplik of nawetenskaplik van aard is of nie, uit, deur en tot God is (in die geval van die Christen, byvoorbeeld), of uit, deur en tot die een of ander aspek van, of

individualiteit (ding) uit die geskape werklikheid." Religie is dus die verwantskap tussen God en mens, en omsluit die ganse menslike bestaan, en is gesetel in die *hart* van die mens en rig die mens na God (of weg van God).

Religieuse grondmotief

Dooyeweerd (1963, p. 8) omskryf die begrip *grondmotief* soos volg: "Het is de volstrekt *centrale drijfveer*, omdat het *vanuit het religieuse lewenscentrum* alle tijdelijke lewensuitingen beheerst en op de ware of vermeende *oorsprong* van het bestaan richt."

'n Religieuse grondmotief is nie die persoonlike geloof van 'n enkeling nie. Dit is die gemeenskapsmotief wat die enkeling beheers. Stone (1974, p. 152) poneer: "Die grondmotief lê agter, en ten grondslag van die normkomplekse in 'n samelewing, 'n kultuurkring, 'n beskawingsperiode."

Religieuse grondmotief kan dus omskryf word as: 'n geestesmag of geestelike dryfkrag wat in die menslike samelewing werksaam is.

Geloof

'n Besonder raak omskrywing van *geloof* word in Hebreërs 11:1 gevind: "Die geloof dan is 'n

vaste vertrouwe op die dinge wat ons hoop, 'n bewys van die dinge wat ons nie sien nie."

Van der Walt *et al.* (1979(1), p. 46) poneer: "Vir die Christen beteken dit dat hy die sekerheid vind in die God van die Skrifte en dat hy in geloofsvertroue aan dié ware God vashou."

Geloof is een van die uitgange of funksies van die mens; trouens, dit is die "hoogste" uiting of modale funksie, 'n bestaanswyse van alle mense, dit is die funksie waarmee die mens reik na dié dinge wat sekerheid en vastigheid in die lewe gee.

Godsdiens

Godsdiens word deur Van der Walt *et al.* (1979(1), p. 44) omskryf "as die ganse lewe van die mens in gehoorsaamheid van die religie wat op sy hart beslag gelê het".

Religie en godsdiens word dikwels in algemene gesprekke as sinonieme gebruik. Religie is egter 'n omvattender begrip as godsdiens. *Godsdiens* vind sy wortel in die religie en is dus religieus bepaald. In sy godsdiens (Christelike) rig die mens hom "vertikaal" na Bo, na God, die Oorsprong van alle dinge (Van der Walt *et al.* (1979(1), p. 44). Daarom word onder godsdiens alle handeling verstaan waarmee die mens hom direk tot God wend, soos die gebed in

die binnekamer, huisgodsdien en die erediens waar God aanbid, gedank en geloof word met woord en lied en waar die Woord bedien en die sakramente gebruik word.

1.8 STRUKTURERING VAN DIE PROEFSKRIF

Die proefskrif gaan in ses hoofstukke verdeel word, naamlik:

In hoofstuk 1 word die aanloop tot en die aktualiteit van die studie aangedui. Verder sal die onderskeie hipoteses geformuleer en die terrein afgebaken word om sodoende die indeling eksplisiet aan te dui.

'n Antropologiese perspektief, waarby die gelykwaardigheid dog ongelikheid van mense, ten opsigte van hulle samestelling en struktuur aangetoon word, gaan in hoofstuk 2 onderneem word.

In hoofstuk 3 word 'n struktuurontleding van kultuur gedoen.

Die *verband* tussen die onderwysstelsel en kultuur word in hoofstuk 4 aangedui.

Die ontwikkeling van die onderwysvoorsiening aan die diverse kultuurgroepe oor meer as drie eeue in Suid-Afrika word in hoofstuk 5 onder die loep geneem.

Die proefskrif word met hoofstuk 6 afgesluit waar die

bevindinge en aanbevelings saamgevat word.

1.9 SAMEVATTING

Die probleem, naamlik om 'n middeweg tussen kulturele isolasie en integrasie vir die toekomstige onderwysvoorsiening in die RSA te vind, is gestel. Terreinafbakening is gedoen en die metode wat vir die navorsing gevolg is, is aangedui en die indeling van die proefskrif uiteengesit.

Dit gaan in hierdie proefskrif om twee baie belangrike en sensitiewe aspekte van die menslike bestaan, naamlik *kultuur* en *onderwysstelsel*. Dit is egter nodig om volgens 'n Skrifmatige mensbeskouing tot ware en egte kennis van die mens self te kom sodat die uitinge van die mens deur sy kultuur geëvalueer kan word. Dié taak word in die volgende hoofstuk onderneem. In hoofstuk 2 word die beginsel van *gelykwaardigheid* dog *ongelykheid* van mense en kultuurgroepe onder die loep geneem.